

31 Augustus

Skrifgedeelte: Galasiërs 4:1-20

Fokusgedeelte: Galasiërs 4:4, 5

God bewerk die oorgang van die ou tyd na die nuwe tyd

Die Galasiërs se lewensgeskiedenis kan in twee groot tydperke verdeel word – die tyd van slawerny en die tyd van bevryding. Die tyd van slawerny was die ou tyd onder die vloek van die wet (Gal 3:10). Hierdie tyd sou vir die Galasiërs eindig in God se ewige oordeel. Die tyd van bevryding was die nuwe tyd, nadat Christus hulle losgekoop het van die wet (Gal 3:13). Hierdie tyd sou vir die Galasiërs uitloop op die ewige hemelse erfenis (Gal 4:7).

God het vir die Galasiërs, maar ook vir ander slawe wat in die mag van die sonde vasgevang was, die oorgang van die ou tyd na die nuwe tyd bewerk. Hy het op 'n almagtige wyse die geskiedenis bestuur en die wêreld voorberei vir die koms van sy Seun. Op presies die tyd deur Hom bepaal het God sy Seun, Jesus Christus, gestuur. Christus het Homself aan die wet onderwerp. Deur Hom aan die wet te onderwerp, die vloek van die wet op Hom te neem en vir ons aan die kruis te sterf, het Christus vir almal wat aan God behoort die oorgang van die ou tyd van vervloeking na die nuwe tyd van bevryding bewerk.

Deur Christus het God ons nou as kinders aangeneem. God se kinders is sy erfename. Ons erfenis is die hemelse heerlijkheid by God en by Christus. Die verloop van elke gelowige se geskiedenis, ja die verloop van jou lewensgeskiedenis, is in Christus vas en seker by God. Die Heilige Gees gee aan jou hierdie sekerheid.

Leef dan deur die Heilige Gees in die nuwe tyd, die tyd van geloof in Christus. Volhard in jou geloof, totdat Christus weer kom om alles ewig nuut te maak.

Sing: Skrifberyming 1-1/24:1, 3, 7

Ds PJ Nel (Akasia)